Integrasie 'dalk nie goed'

Prof. Jonathan Jansen, onderwyskundige, is nie meer seker dat rasse-integrasie in skole 'n goeie ding is nie.
Dié argument van hom in 'n rubriek in The Times het gister wye reaksie ontlok.
Jansen skryf hy het te veel skole gesien waar rasse-integrasie die onderrigkultuur vernietig het, veral in voormalige wit werkersklas-skole.
Wanneer dié skole integreer, lok dit nie swart middelklas-leerders nie, maar eerder werkersklas-leerders wat in disfunksionele townshipskole was.
Dié leerders sou op grond van hul swak akademiese uitslae en disfunksionele gedrag nooit in wit of swart middelklas-skole toegelaat gewees het nie, meen Jansen.
Hy skryf as wit werkersklas-skole swart leerders inneem, is daar kort voor lank 'n krisis en die oorblywende wit leerders vlug na naburige wit skole.
Die wit werkersklas-skool word dan 'n arm swart skool.
Volgens Jansen gaan dit nie oor integrasie nie, maar oor hoe dit bestuur word en verskillende skoolkulture met mekaar versoen moet word.
Volgens hom het wit middelklas-skole dit reggekry om die krisis af te weer deur leerders op grond van akademiese uitslae toe te laat en skoolgeld so hoog te maak dat dit armes afskrik.
Hy skryf die bedreiging is nie langer rasverdeelde skole nie, maar 'n skoolstelsel wat die ras-geïntegreerde middelklas skei van uiters arm swart kinders wat in disfunksionele skole vasgevang is.
Prof. Johan Beckmann, onderwyskenner aan die Universiteit van Pretoria, het gesê integrasie breek nie kulture af nie, maar kan tot 'n gebrek aan dissipline en waardes bydra.
"In meer as 90% van Suid-Afrika se skole gaan dit baie goed met integrasie. In skole waar dit nie goed gaan nie, is dit omdat integrasie en diversiteit nie goed bestuur word nie."
Hy meen dit is onbillik om aan te voer wit werkersklas-skole neem meer kinders uit disfunksionele skole in. "Baie professionele swart ouers stuur hul kinders na dié skole omdat hulle glo onderrig is hier beter."
Beckmann stem ook nie saam dat wit middelklas-skole hoë skoolgeld en akademiese prestasie gebruik om swart leerders uit te hou nie.
Prof. Elda de Waal, 'n onderwyskenner van die Noordwes-universiteit, het gesê armer skole is versigtiger om dissipline af te dwing omdat hulle nie wil aanstoot gee nie. "Die dilemma is egter as dissipline en waardes verslap word om akkommoderend te wees, buit arrogante leerders die situasie uit, wat tot ander probleme lei."
Prof. Jan Heystek, 'n onderwyskenner van die Universiteit Stellenbosch, het gesê party werkersklas- en sommige middelklas-skole sukkel om akademiese prestasie te handhaaf.